

Gereformeerde Kerk Bellville – 20 Mei 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Skrifberyming 8-2:5, 6, 7 (Sb 13)

- 5 “Dan stort Ek met 'n groot geluid / die Gees se reënstrale uit,
jul seuns en dogters, dan nie meer / van spraak ontbloot, sal profeteer.
- 6 “Jul kinders, uitsiend op die wag, / sal vergesigte sien by dag;
jul grysaards, in hul krag al loom, / die allerskoonste drome droom.
- 7 “Ook op die knegte^o en maagde, vry / om My hul dienswerk toe te wy,
stort Ek my Gees in mildheid neer, / en almal sal hul profeteer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:2, 3 (p. 157)

- 2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrif van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.
- 3 Hy min die reg in alle dinge, / want enkel waar en reg is Hy;
tot by die aard' se verste kringe / sien ons sy goedheid uitgesprei.
In sy alvermoë / het Hy hemelboë / deur sy woord gestig;
deur sy Gees 'n ganse / leërskaar van glanse / skitt'rend aan laat lig

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 51:5 (p. 261)

- 5 Verberg u oog, die vlammelig wat oor / my sonde brand en speur deur al my lede.
Was weg, delg uit my ongeregthede, / herskep my hart wat wegdwing uit u spoor.
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees, / dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!
Laat my voor U tog geen verstootling wees, / en neem u goeie Gees nie weg van my nie.

Gebed

Psalm 115:1, 7, 8, 9 (p. 564)

- 1 Nie aan ons, o troue God, / aan u Naam alleen gee eer!
Waarom sou die nasies spot / as hul oor ons triomfeer?
Om u goedheid, wees nie stil! / Red ons om u trou ontwil!
- 7 God die HEER het ons gedenk / na sy troue bondsbestel.
Seëninge sal Hy skenk / aan die huis van Israel;
seëninge van die HEER / daal op Arons kinders neer.
- 8 Hy sal seën wie Hom vrees, / groot en klein wat op Hom wag;
ja, Hy sal hul allermees / seën in hul nageslag.
Hy wat spreek, en 't het geskied, / sal sy seen oor hul gebied.
- 9 HEER, die hemel 's u paleis, / U 't die aarde^o aan ons gegee:
dooies kan die HEER nie prys, / maar óns sal – 'n stemmesee –
ewig juig die HEER ten prys, / hallelujas op laat rys.

Skriflesing: Esegïel 36:16-38

Kernverse: Esegïel 36:22, 26-27, 32

Daarom, sê vir die huis van Israel: So spreek die Here HERE: Ek doen dit nie om julle ontwil nie, o huis van Israel, maar ter wille van my heilige Naam wat julle ontheilig het onder die nasies waar julle gekom het.

En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.

Ek doen dit nie om julle ontwil nie, spreek die Here HERE; laat dit julle bekend wees! Skaam julle en bloos oor jul weë, o huis van Israel.
(Esegïel 36:22, 26-27, 32 AFR53)

Tema: Waarom God sy Gees in die gelowige gee

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, vanoggend is ons op ons kalender by die voorbereiding vir die heilige nagmaal wat ons, soos die Here wil, volgende Sondag sal vier. Maar op die kalender van die Here vier ons ook vanoggend die uitstorting van die Heilige Gees soos wat dit gebeur het in Jerusalem tien dae na die hemelvaart van ons Here Jesus Christus. Op hierdie dag dank en loof ons die Here omdat Hy gedoen het wat Jesus voor sy kruisiging beloof het.

Jesus het in die aand voor sy kruisiging die dissipels uitvoerig onderrig oor sy dood, opstanding en hemelvaart. Omdat Jesus gesê het dat Hy van hulle af weggaan, was die dissipels bedroef. Maar Jesus het hulle die versekering gegee dat Hy hulle nie as weeskinders sal agterlaat nie. Hy sal die Heilige Gees stuur om by hulle te bly en in hulle te wees. Hierdie belofte het Jesus en die Vader op Pinksterdag waar maak. Die Here het sy Gees op die kerk uitgestort en die Heilige Gees het sy intrek geneem in die gelowiges.

Wanneer iemand sou vra: Waarom het die Here die Heilige Gees aan die gelowiges gegee, sal ons wat grootgeword het onder die geklank van die Woord maklik kan antwoord. Jesus sê tog self dat die Heilige Gees die gelowiges sal herinner aan die woorde wat Jesus nog vir die gelowiges geleer het. Die Heilige Gees is ook aan die gelowiges gegee om hulle in die hele waarheid te lei. En so voor die heilige nagmaal is ons ook daarvan bewus dat die Heilige Gees ons met die Woord wil lei sodat ons die sondes in ons eie lewe kan ontdek. Dit is mos deel van die selfondersoek wat ons moet doen sodat ons kan nagmaal vier.

Al hierdie dinge wat ons op die vraag antwoord, is inderdaad reg. Dit is immers wat Jesus self aan die dissipels in daardie nag gesê het. En gelowiges weet dat hulle nie op hulle eie regtig selfondersoek sal doen nie. Hulle het die Heilige Gees en die lig van die Woord nodig om diep in hulle eie lewens en harte in te kyk. Net so kan 'n mens sy eie ellende behoorlik insien en weet hoe nodig hy Christus het.

Broers, susters en kinders, as 'n mens dit nou alles gesê het oor waarom die Here sy Gees aan gelowiges gegee het, het 'n mens nou al die heel belangrikste rede gegee? Nee, alhoewel hierdie antwoorde alles reg is, is die belangrikste rede nog nie genoem nie. Daarom lei die Heilige Gees ons vanoggend in die rykdom van ons Skrifgedeelte in. In hierdie woorde van die Here val die klem op die rede waarom God besluit het om mense te verlos en sy Gees aan hulle te gee. Verder laat die Here ons ook verstaan met watter doel die Heilige Gees aan gelowiges gegee is.

Teen die tyd dat Esegïël hierdie woorde van die Here moes aankondig, het Jerusalem reeds geval onder die mag van Nebukadnesar. Die mure van die stad was afgebreek, die tempel-gebou was 'n puinhoop. Die omringende volke het hulle intrek in die land geneem wat die Here met 'n belofte aan sy volk toegesê het. Hulle het gemaak asof hulle nou die besitters van die beloofde land is. En vir die Israeliete was die ballingskap nou 'n voldonge feit. Hulle is uit hulle land weggeruk en is verstrooi onder die nasies.

Dit is in hierdie benarde omstandighede wat die Here hierdie woorde van Hom deur Esegïël tot die volk spreek. In die eerste deel van die hoofstuk het hulle gehoor dat die Here die land wat nou verwoes lê, gaan herstel. Hy het die berge, heuwels en valleie aangespreek. Daar moet bome groei met takke vol vrugte, want die terugkoms van die Here se volk is naby. Vir die Israeliete in ballingskap sou hierdie boodskap van herstel en terugkeer inder-daad vreugde en blydskap gebring het.

Die ballingskap het wel oor hulle gekom omdat die Here dit as regverdige straf oor hulle beskik het. Maar die Here se straf oor hulle sal nie vernietig nie. Sy straf is eerder 'n suiweringsproses sodat hulle na die beloofde land kan terugkeer. Maar waarom sal die Here hulle uit die ballingskap verlos en in sy land terugontvang?

Die Here het voorsien dat die volk verkeerde redes sou aanvoer waarom die Here hulle na die beloofde land sal terugbring. In die sondige hart van die mens is die kans altyd daar dat hy die rede vir sy verlossing by en in homself sal soek. By Israel was hierdie sondige hart ook teenwoordig. En wanneer die volk verkeerde redes aanvoer waarom die Here hulle uit die ballingskap verlos, sal hulle nie die diepte van hulle eie skuld beseef het nie. Die een sou byvoorbeeld kon aanvoer: Ek is immers die nageslag van Abraham, daarom verlos die Here. Die ander een kon weer sê: Vandat ons in die ballingskap is, het ek nog nooit opgehou dink aan die land van ons vaders nie. Nog een sou kon sê: Die Here het my skuldbelydenis gehoor, daarom skenk Hy hierdie wonderlike uitkoms.

Hoor ons die redes wat aangevoer word? In elkeen van hierdie redes kom dit uit dat die mens so besonders is. Hy is nageslag van Abraham. Of daar word gesê hoe opreg hy in sy diens aan die Here is. En met hierdie soort redes dink die mens dat hy eintlik die Here voor 'n voldonge feit gebring het. Omdat die mens van Abraham afstam of omdat hy so opreg is in sy diens aan die Here, is die Here soort van verplig om hom te verlos.

Intussen is daar harde feite wat nie sommer net so verdwyn het nie, maar die mens graag wil vergeet. Dit was juis die volk se sonde teen die Tien Gebooe wat die ballingskap veroorsaak het. Hulle het die tweede tafel van die wet verontagsaam deur onskuldige bloed te vergiet. Daarmee het hulle die land van die Here verontreinig. Omdat sommige van hulle ryker wou word, het hulle weduwees en weeskinders verdruk. Hulle het ook 'n klomp afgode van die omringende volke as hulle gode aangeneem. Hulle het ook teen die eerste tafel van die wet gesondig. Deur ander gode saam met God of in die plek van God te aanbid, het Israel die Naam van die Here onteer. Hulle het Hom – die enigste lewende God – gelykgestel met nikswerd afgode wat nie eers kan hoor of sien nie.

Die ballingskap het toe gemaak dat Israel die Naam van die Here nog verder onteer het. Oral waarheen die Here die volk in ballingskap verstrooi het, het die heidene gesê:

Hierdie mense is die volk van die HERE, en hulle moes uit sy land uittrek.
(Esegïël 36:20 AFR53)

In die gedagtes van die heidene was die God van Israel net soos die afgode van die ander volke. Hulle het gedink God is net God in die land waar die Israeliete gebly het. Maar noudat hulle daaruit moes trek, dink hulle dat die gode van Babilonië sterker is as die God van Israel. Toe die heidene hierdie dinge gesê het, moes Israel eerder hulle skuld erken en gesê het dat die Here hulle uit die land weggevat het omdat hulle teen Hom gesondig

het, maar hulle het niks gesê nie. Hulle het die heidene maar gelos om so verkeerd van God te dink.

Wanneer 'n mens hierdie harde feite wat die Here noem bekyk, dan kom 'n mens agter hoe verregaande dit van Israel sou wees om te dink dat die Here hulle uit die ballingskap gaan verlos omdat hulle so goed is. In Israel was daar hoegenaamd geen rede waarom die Here hulle sou wou verlos nie. Hierdie geaardheid om te dink dat die Here iets doen omdat die mens so goed en wonderlik is, het ongelukkig nog nooit uitgesterf nie. Daar is nie 'n mens wat sommer vanself hierdie woorde van Psalm 115 sal sing nie:

Nie aan ons, o HERE, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil. (Psalm 115:1 AFR53)

Israel moes goed besef dat die Here alleen God is en Hy is op geen manier gelyk aan enige afgod wat deur die heidene gedien word nie. Die Here sal doen wat geen mens op aarde verwag of dink ooit moontlik sal wees nie. Hy sal sy volk verlos, maar Israel moet weet waarom die Here dit doen. Daarom het die Here oor en oor uitdruklik aan Israel gesê:

Ek doen dit nie om julle ontwil nie, spreek die Here HERE; laat dit julle bekend wees! Skaam julle en bloos oor jul weë, o huis van Israel. (Esegiël 36:32 AFR53)

Hierdie profesie kom ook tot ons wat voorberei vir die heilige nagmaal en vanoggend die Here dank omdat Hy sy Heilige Gees aan sy kerk gegee het. God het niemand nodig om God te wees nie. Hy is van ewigheid tot ewigheid God. Nog voor die skepping was Hy God. Van ewigheid af is Hy ook goed en barmhartig en regverdig. Hy is nie goed omdat Hy sy Seun na die wêreld gestuur het om mense te verlos nie. Hy is goed omdat Hy God is en daarom het Hy ook sy Seun gestuur. Wanneer 'n mens dink dat God goed is omdat Hy aan jou goed gedoen het, wat dink jy dan van Hom as Hy besluit het om 'n swaarkrytd oor jou te beskik. Is Hy dan nie meer goed nie? sien u hoe dwaas dit is om God se goedheid te meet aan ons standarde. Elke keer sal ons verkeerd dink van die Here.

Omdat God God is en ewig ook goed is, sê Hy wat Hy sal doen nog voordat Hy verlos. Met sy almagtige Ek sê God:

Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee. Ek doen dit nie om julle ontwil nie, maar ter wille van my heilige Naam! Laat dit julle bekend wees! (Esegiël 36:26-27, 32 AFR53)

Wanneer 'n mens dan tot die besef kom dat die Here sy Seun na hierdie wêreld gestuur het om vir die sondes van mense te sterf ter wille van sy heilige Naam, besef 'n mens watter groot genade dit is dat jy mag deel kry aan die verlossing. Hy het jou nie verlos omdat jy so wonderlik is nie, maar omdat Hy sy eie Naam verheerlik. Niemand moet twyfel oor die almag van God nie.

Dan kom ons ook agter hoe helder ons lof en dank aan die Here moet wees vir die Heilige Gees wat Hy aan die gelowiges gegee het. Hy het die Heilige Gees nie aan die gelowiges gegee sodat hulle goed oor hulleself moet voel of dink dat hulle die inwoning van die Heilige Gees verdien het nie. Die Here het sy Heilige Gees aan gelowiges gegee ter wille van sy heilige Naam. En dit is as gevolg van die Heilige Gees se werk in die gelowiges dat hulle self en alle ander mense tot die besef kom dat die Here alleen God is. Net Hy kan mense uit die greep van die sonde verlos en hulle so vernuwe soos wat Hy doen.

Dit bring ons by die doel waarom die Here verlos en sy Gees aan sy volk belowe het. Wanneer die Heilige Gees die wedergeboorte in 'n sondaar tot stand bring, doen die Here 'n hartoperasie op daardie mens. Hy haal die hart van klip uit hom uit, want daardie kliphart is ongevoelig vir die Woord van die Here. So 'n kliphart word nie deur tug of ontferming aan die klop gekry nie. In die plek van die kliphart plant die Here dan 'n hart van vlees oor

op die wedergebore mens. Dit is 'n hart wat oombliklik op die Woord van die Here reageer, want dit is hart wat lewendig is en lewendig gehou gaan word deur die Gees.

Saam met hierdie nuwe hart word ook die wil van die mens vernuwe. Waar die kliphart die mens se wil hard en onwillig gemaak het vir die Here, word die wil van die mens met die nuwe hart nou omgebuig om in te val by die wil van God. Die Here belowe immers aan Israel:

Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. (Esegiël 36:27 AFR53)

Onthou, die Here wil sy Naam verheerlik met die mense wat Hy dan verlos het. Daarom sal hulle wil by die wil van God inval om te doen wat Hy verwag. Die verlose mens gaan egter nie vanself sommer doen wat die Here verwag nie. Daarom hou die Here nie met die mens by die regverdiging op nie. Hy laat nie net sy Seun in die plek van die mens sterf vir die sonde nie. En Hy reken die volmaakte gehoorsaamheid van Christus deur die geloof nie net aan die mens toe sodat hy nou onskuldig voor God mag staan nie.

Die Here gaan voort met die heiligmaking van die verlose mens. Daarvoor gee die Here sy Gees aan die gelowige sodat hy nou ook in die insettinge van die Here kan wandel en sy gebooi kan onderhou. Deur so 'n mens wat voortdurend deur die Heilige Gees vernuwe word na die beeld van Christus verheerlik God sy heilige Naam op die aarde.

Die verlossing van die mens het dus nie net ten doel dat die Here vir Homself onderdane vir die hemel bymekaar maak nie. Die Here se doel met sy verlose mense is om sy Naam op die helderste en duidelikste wyse op die aarde te laat hoor. Dit is nie net die verlostes nie, maar die hele wêreld moet weet dat die Here alleen God is.

Geliefdes, ons dank die Here vanoggend dat Hy sy Gees ook aan die gelowiges hier in Bellville gegee het. Ons weet Hy het dit nie gedoen het omdat hulle so wonderlik is nie, maar ter wille van sy heilige Naam. En word klein voor Hom omdat Hy besluit het om hierdie gelowiges in te sluit by wat Hy vir Homself doen. Mag elke ware gelowige in hierdie gemeente dan ook 'n advertensie wees van die Here se heilige Naam. Mag die Gees aanhoudend doen wat die Here hier sê: Hy sal maak dat die verlostes sy wil uitvoer. Elkeen wat dan volgende Sondag wil nagmaal vier: Laat ons onthou dat dit die voorneme is wat ons uitspreek wanneer ons aan die tafel van die Here gaan sit.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 8-1:1, 2 (Sb 14)

- 1 "Water sal ek op hul sprinkel, / water uit 'n springfontein."
En van alle onreinighede / was die HEER sy volk dan rein.
"Nuwe harte gee 'k aan julle, / en Ek gee 'n nuwe gees;
'k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee 'n hart van vlees.
- 2 "'k Gee my Heil'ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry
waar 'k 'n God sal wees vir julle, / jul 'n volk sal wees vir My."

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 119:39 (p. 594)

39 HEER, u woord is my 'n fakkel / wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse / van my lewenspad verja.
'k Het gesweer, deur u ontferming / dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe, / deur die ligglans wil laat lei.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
19 Mei 2018